Mnr Chris Botha van Rooiblaarstraat se tienmaande-oue Boerboelreun, Monster in bedenklike toestand nadat hy gedurende die vroeë oggendure van Woensdag verlede week gif ingekry het. Mnr Botha se ander hond was op daardie tydstip reeds dood.

Nog honde vergiftig

RUSTENBURG - "Ons is gatvol!" Dit was die woorde van verskeie inwoners van Rooiblaarstraat in Proteapark op Woensdag verlede week, nadat ses honde hier in een nag gedood is deur voornemende inbrekers.

Boonop was dit die soveelste insident in die straat in die afgelope tyd, met ten minste 11 inbrake wat al die afgelope vier maande hier plaasgevind het.

In een voorval is daar twee keer by een huis ingebreek en in 'n ander voorval is 'n vrou bedags in haar agterplaas deur 'n man oorval terwyl sy besig was om wasgoed op te hang. In nog 'n voorval sowat twee maande gelede, is 'n inwoner se motor helder oordag uit die erf se oprit gesteel.

Die motordiewe kon egter nie daarin slaag om die motor se stuurslot te breek nie en het hulle het in trurat teen 'n boom vasgejaag.

Die boewe, wat na bewering op verskeie plekke in die omgewing stelling ingeneem het en per selfoon met mekaar in verbinding was, is deur ontstoke inwoners, in samewerking met 'n privaatsekuriteitsfirma aangekeer, waarna daar glo sowat 'n uur op die polisie gewag is om die mans in hegtenis te neem. Volgens inwoners is dit nie bekend of die mans steeds in aanhouding is en of hulle hoegenaamd vervolg is nie.

In verlede week se voorval, waartydens verskeie inwoners deurgeloop het en ten minste tien honde gif ingekry het, is die vermeende booswigte teen 02:30 deur 'n inwoner, mnr Chris Claassens opgemerk in die erf van 'n huis wat tans leegstaan. Die kwaaddoeners het vermoedelik probeer om daar te skuil nadat 'n ander inwoner hulle blykbaar agternagesit het. Chris het 'n flitslig op die een man geskyn, waarna dié in sy haas om homself uit die voete te maak, hard met die grond kennisgemaak het toe sy voet vasgehaak het terwyl hy oor 'n hek gespring het. Die mans het daarna gevlug.

Volgens Chris word inwoners in die straat al ten minste vir die afgelope 18 maande deur misdadigers geteister. Leegleërs wat byna daagliks in die straat rondbeweeg en vir ure onder bome sit, is vermoedelik die oë en ore vir misdaadbendes. Boonop is die straatligte nou al meer as vier maande buite werking, wat die situasie net vererger. In nog 'n voorval, sê Chris, het die polisie nooit die misdaadtoneel na 'n inbraak besoek nie en die vingerafdrukeenheid het eers na sowat 'n week opgedaag. Intussen sê inwoners hulle het "oorlog" teen misdaad verklaar en gaan hulle dit so moeilik as moontlik vir misdadigers om hul bedrywighede in die straat voort te sit.

Eers deposito, toe net beloftes en verskonings...

RUSTENBURG - "Ag nee wat, ons het keelvol geraak vir die gewag en besluit om iemand anders te kry wat die diens kan lewer. Ons kon dit net eenvoudig nie bekostig om langer te wag nie".

Só het mnr en mev Danie en Margaret Hendriks van die plaas Syferfontein Boons, vandeesweek aan die Herout gesê nadat hulle vir weke (indien nie maande nie) met die een verskoning na die ander tevrede moes wees nadat hulle twee lugversorgers by ene Quinten (Bredenkamp) in die Herout se kleinadvertensies gekoop het.

Die Hendrikse-egpaar het gereageer op 'n op-die-oog-af billike advertensie in die kleinadvertensies toe hulle 'n lugversorger in 'n knoffelstoor op die plaas nodig gehad het. ('n Koper het blykbaar 'n bestelling gekanselleer en 'n lugversorger het 'n noodsaaklikheid geword).

"Ons het dadelik gebel en 'n bestelling vir twee eenhede geplaas - een vir ons kantoor by die huis en 'n tweede vir die knoffelstoor. Ons is meegedeel dat 'n 50%-deposito betaalbaar is maar dat die eenhede binne 'n kwessie van drie dae geïnstalleer sou word. Ons was baie bly - die bestelling is op Woensdag, 20 Januarie, geplaas".

Die Hendrikse was verheug om te hoor dat die lugversorger teen Vrydag geïnstalleer sou word. Dit egter, was die laaste sien van die blik kantien...

Toe niks die Vrydag gebeur nie, het ons gebel om te hoor wat die probleem is. "Nee", moes ons hoor, "daar is nie voorraad nie". Quinten het onderneem om 'n ander, "beter" eenheid te kry en dit teen dieselfde prys te verskaf. Dit sou Dinsdag gebeur. Dinsdag het gekom en gegaan... "En so het dit maar gegaan, die een verskoning na die ander, die een rede na die ander. Eers nie voorraad nie, dan nie geld nie, dan het hy uit 'n boom geval of so-iets. Altyd net verskonings, verskonings en nuwe beloftes en ondernemings, maar helaas, geen lugversorgers".

"Ons het later aangebied om dit te aanvaar as hy tog maar net sou uitkom om die een eenheid in die knoffelstoor te installeer. Dit was vir ons 'n saak van dringendheid. Na drie weke se gesmeek het ons egter iemand anders gekry om vir ons 'n lugversorger in die stoor te installeer. Langer kon ons nie wag nie - dan kon ons maar net sowel die knoffel uitgooi!", het 'n omgekrapte Margaret Hendriks gesê.

"Nee, ons sal niemand aanraai om van "Quinten" se dienste gebruik te maak nie. Dit het ongelukkig net by beloftes en verskonings gebly en hoegenaamd niks het enigsens gerealiseer nie. Ons wag nou nog op die terugbetaling van ons deposito van derduisende rande.

"Ons het nou maar besluit om die enigste uitweg te kies en polisie toe te gaan, ons kan ongelukkig nie toelaat dat ons op so 'n wyse 'n rat voor die oë gedraai word nie. Hoeveel ander mense is nie al op dieselfde wyse en met presies dieselfde advertensies ingedoen nie?"

"Nee, wees wakker en kies mooi met wie jy sake doen, wees veral versigtig vir diegene wat wild en wakker allerhande beloftes maak wat hulle nie kan bewys nie en veral vir mense wat deposito's eis. Jy het geen waarborg dat jy gaan kry waarvoor jy betaal het nie. Nee, maak liefs gebruik van iemand met 'n bewese rekord wat vanuit 'n permanente en bekende adres sake doen", het Margaret gewaarsku...

Rate increase

RUSTENBURG - Due to to the prevailing economic recession and various other costs sustained regarding the publishing industry, the Rustenburg Herald's has had no option but to effect a minor increase in advertisement tariffs with effect from 29 March 2010.

After careful deliberation, management has decided on an increase of a mere 5% in order to absorb extra costs incurred.

"We have tried to keep the increase well below the CPI inflation rate in order to best serve our readers and advertisers," says Christo Theron, Managing Director.

Theron added that the Rustenburg Herald still remains the country's best-selling community newspaper as determined by the Audit Bureau of Circulation.

"This serves as an excellent marketing tool for readers and advertisers alike," he said.

Serving the community

RUSTENBURG - Since its inception in 1996, Neo Birth has evolved and grown, not only in staff numbers but in services offered to the public.

Originally started as a crisis centre for counselling of unwed mothers or people in need, they are maturing into an organisation that offers a wide range of services free of charge to the public.

These include:

* Counselling - trauma, pre and post abortion, adoption, teenage pregnancies, HIV/Aids etc
* Prevention education for HIV/Aids
* Life Skills and Sexual Integrity School Programmes
* Psycho Social Support for caring for orphaned and vulnerable children; If you are able to assist in donating items that can be of help to others, or if you are in need yourself, please contact Neo Birth on 014-592 3363 or 074 307 0333. The offices are situated at 143 Bethlehem Street, opposite the Fire Station.

D.E.W. PLANT HIRE
• Tippers
• TLB & Hammer Hire
• Sand
• General Transport
Eric: 082 416 3744

MATLA MANZI
Butcher Boys
JACO
BRAAI HAMPER
Boerewors R135
Top Side Mince R130
Vark Chops R130
Tenderised Steak R165
Pork Rushers R120
Chuck R135
Stewing Beef R130
3Kg elk
Vele meer deli produkte
BEYERS NAUDÉ STREET
(NEAR TEXAS PUB,
NEXT TO MODERN CARPETS)
OR CONTACT US
TEL: 076 041 8369, 079 547 4274

Cnr. Diamond & Emerald St
CARLETONVILLE
www.edura.co.za
EDURA
TEL: 018-788-6697
FAX: 018-787-2768
018 787 2267 / 079 140 4020
Email: edura@mweb.co.za
TOWELS!!!TOWELS!!!TOWELS!!!
BATH TOWELS - R19.99ea
BATH SHEETS - R29.99ea
"BIG RANGE OF COLOURS"
FACE CLOTHS - R19.99 per pack of 10
STRIPED BATH TOWELS - R14.99ea
OUR NEW RANGE OF LUXURY 520GSM
CARLETON
"SUPERIOR THIRSTY TOWEL"
Matching . { Guest Towels, Hand Towels, Bath Towels, Bath Sheets, Extra length Bath Sheet (1m x 1.8m)
22 Colours!!! Great Value!!!
We Remain SA's Discount Towel MEGASTORE!!!